



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

PASTORALE BRIEF Ná DIE NEGENDE VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE SE MODERAMEN

31 Oktober 2026

“Advent 2026: In ons angstigheid, bring Jesus aanbidding.”

Geagte broers en susters, geliefdes –

“n Stem is in Rama gehoor, Ragel huil oor haar kinders.”

Dié woorde uit die profesie van Jeremia (31:15) word deur die evangelis Matteus aangehaal wanneer hy skryf oor die tyd en gebeure waarin Jesus Christus, mensgeword het – “in die dae van koning Herodes” (2:1 en 18). ‘n Verhaal van broosheid in ‘n bouse tyd; van ‘n Seuntjie en sy weerlose ouers, vlugteling na Egipte. “En al die seuntjies van twee jaar en jonger” wat in daardie bloedige geweld gesterf het...

In ons vergadering as Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) hierdie afgelope week by eMseni in Kemptonpark, is die name van 81 mense wat in die afgelope tyd in Suid-Afrika verkrag en vermoor is, voorgelees. Bejaardes, vroue, jongmense, kinders. ‘n Naamlose seuntjie van vier maande wat vermoor is, nadat sy ma verkrag is. Woensdagoggend, pas vóór ons vergadering begin het, is ‘n beesboer tussen Ventersdorp en Potchefstroom aangeval en wreed vermink. “Vandag sal 60 mense in Suid-Afrika doodgemaak word,” het dr Lizette Lancaster van die Instituut van Sekerheidstudies die gesprek oor geweld in ons land ingelei.

Suid-Afrika huil oor haar kinders. Afrika huil oor haar kinders, van hier tot in die Soedan. In Ramallah en die Wesoewer in Palestina/Israel word gehuil oor kinders. In die Oekraïne en Myanmar. Jesus het oor Jerusalem gehuil; oor haar kinders, vroue en skrifgeleerdes (Lukas 19:41). God huil oor wat met sy beeld – *imago Dei* – op aarde gebeur, oor wat hul mekaar aandoen (Jeremia 8:18). Ons – sy Kerk op aarde, wat die draers van hoop en heilsaamheid moes wees – huil ook. Byna almal in die ASM-vergadering was al self slagoffers van geweld, het ‘n geliefde of lidmaat in die gemeente deur geweld verloor, leef in vrees vir geweld. Ons is ‘n diep verwonde land.

Terselfdertyd moet ons die vraag wat by daardie eerste moordtoneel opgeklank het, hoor: *“Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer bly roep na My vanuit die grond”* (Genesis 4:10). Die oorsake van geweld in ons land, lê bitter diep en die wond wyd. Geweld in Suid-Afrika kan nie losgemaak word van al die ander ellendes waarmee mense gekonfronteer is nie: armoede, ongeskooldheid, kansloosheid, werkloosheid, ineenstorting van dienslewering, verwaarloosing van infrastruktuur, gierigheid en korrupsie, die vertrapping van wet en orde, die wantroue in gesagsdraers en hulle wat reg moet laat geskied. Onder dit: meerderwaardigheid en diskriminasie, haat teenoor ander. Onreg wat gepleeg is en vergelding soek. Een



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

DUTCH REFORMED CHURCH

generasie se wonde – ook deur die oorloë en stryde waardeur ons gekom het – wat na 'n volgende generasie oorgedra word. Hoe kan dit gestop word?

Ons sal eerstens ons verwondheid en hierdie verliese moet erken, en daarvoor leer praat. Ons sal veilige ruimtes moet skep waarin die stemme van slagoffers gehoor kan word. Ons moet opvangplekke vir die kleintjies skep, waarin “die vaderloses” in ons land sorg en liefde kan beleef, kan leer wat deernis en verantwoordelikheid is. Ons sal op ons woorde moet let, op hoe ons praat, want ook ons woorde kan ander skend. Ons sal duidelik “nee!” moet sê teen enige verontmensliking. Ons sal hande moet vat om alle vorme van geweld te voorkom, en waar geweld gebeur, vinnig te reageer – netwerke wat gewone landsburgers, boere en plaaswerkers, buurtwagte en straatkomitees, die polisie en die howe insluit. Ons sal deur ons werk, die ekonomie moet laat groei. Ons sal die regering moet oproep om werklik te regeer, weg van politieke ideologie af na wat in die beste belang van alle mense in ons land is!

Daarom het die ASM besluit om lidmate en landsburgers op te roep om in die komende verkiesing te gaan stem, en só te getuig dat ons verbind is aan hierdie land en konstruktiewe oplossings vir al ons uitdagings hier; ons soek verantwoordelike en vaardige leierskap. Mag God ons gebed hoor, vir 'n vrye en regverdige verkiesing, en vir vrede in die komende weke. Ons gebed om vrede en geregtigheid klink ook op vir almal wat elders in die wêreld onder geweld ly, onreg beleef en hopeloosheid in die gesig staar.

In só 'n tyd – “in die dae van koning Herodes” – is Jesus gebore. Ons as kerk is geroep om Hom te volg, en Hy alleen. Téén al die Herodese van ons tyd in. Aan ons is die bediening van versoening toevertrou. Ons is geroep tot barmhartigheid. En waar ons faal of bang is, of donkerte ons wil oorweldig, sal ons nederig dié lied van ons SAAMkoms by Goudini bly sing:

*“Jesus, U is hier,
U ster skyn deur die nag.
Lei ons op u pad, Heer.
Jesus, U is hier.”*

Mag in hierdie komende tyd van Advent, ons angstigheid as nasie en ons lament as kerke, oorgaan in die aanbidding van Hom wat by ons is, en wat ons deur sy Gees, die Trooster, help om te wag en te werk totdat die lig van die helder Môrester ons hoop sal vervul!

Dagbestuur: Moderamen van die Algemene Sinode.